

FOKUS OP DIE POLITIEK • 1



**Robey Leibbrandt  
~ die rebel**

J.H. le Roux



Met die reeks, **Fokus op die Politiek**, stel die Instituut vir Eietydse Geskiedenis aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat hom ten doel om aktuele en interessante gebeure en persone aan die breë leserspubliek bekend te stel. Die uitgangspunt van INEG is nie om hiermee 'n streng akademiese reeks die lig te laat sien nie, maar om enkele aspekte van die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis in 'n algemeen-populêre vorm te belig, dog sonder om hiermee die objektiewe en wetenskaplike interpretasie van gebeure in te boet. Die redaksie van **Fokus op die Politiek** is die mening toegedaan dat daar langs hierdie weg 'n positiewe bydrae gelewer kan word om die algemene belangstelling in ons Suid-Afrikaanse geskiedenis te prikkel.